



DIE BURGER

Volkstaatdorp wil nou sy eie ambassadeurs in buiteland hê

PHILDA ESSOP

Kaapstad

Orania in die Noord-Kaap gaan sy selfstandigheid tot hoër hoogtes voer deur ambassadeurs in die buiteland aan te wys.

Dié Afrikaner-volkstaatdorp spog reeds met sy eie geldeenheid, die ora.

Die Orania Beweging stel sy ambassadeursprogram môre op sy burgerversameling bekend. Die eerste twee ambassadeurs van Orania besoek die dorp die naweek en sal inwoners op die vergadering toespreek.

Die beweging het gister in 'n verklaring gesê daar is die afgelope jaar sterk gefokus op die uitbou van steun vir Orania in die buiteland. Talle ondersteuningsgroepe is in die buiteland gevestig.

Die verteenwoordigers sal daarop fokus om ondersteuning vir Orania en die Afrikaner se strewe na selfbeskikking in hul onderskeie lande te werf.

Mnr. Jaco Kleynhans, uitvoerende hoof van die Orania Beweging, het gesê daar is toenemende druk op minderhede dwarsoor die

wêreld om hul taal, kultuur en tradisies in stand te hou. “Ons vind dus groter samewerking met ander volkere wat ook selfbeskikking nastreef.”

Hy het verduidelik die ambassadeurs bestaan meestal uit buitelanders wat bereid is om Orania in hul lande van herkoms te verteenwoordig.

Aansoeke vir ambassadeursposisies is reeds uit tien lande ontvang. Dit sluit in Engeland, Nederland, België, Australië, Singapoer, Spanje, die VSA, Frankryk, Kanada en Brasilië.

“In die meeste gevalle is dit mense wat deel is van minderheids-groepe. Dit is voordelig vir Orania, omdat dit help om 'n breë netwerk van ondersteuners te mobiliseer en om nouer met ander minderheids-groepe in die wêreld saam te werk.”

Een oorsese groep met wie Orania die laaste tyd sy bande versterk het, is die Duitssprekende mense van Suid-Tirol, 'n provinsie in Italië. Dr. Christoph von Ach van dié landstreek sal môre se vergadering toespreek oor hul sukses met selfbeskikking.